

Afrikaans: My taal

My hele menswees is Afrikaans. My denke, my drome asook my gebede. In Chris Chameleon se woorde: “My hart het in my taal groot geword... Daarsonder skiet my gevoel te kort...”

My taal is ‘n pragtige taal, verweef uit verskillende kulture van regoor die wêreld. Die Nederlanders het die grootste invloed op ons taal gehad, maar die Maleiers, Franse, Engelse en Skandinawiërs het ook elk ‘n aandeel daarin. Dit is interessant dat die Nederlanders ook lief is vir Afrikaans, Stef Bos sing amper uitsluitlik in Afrikaans!

Ons taal het ‘n moeilike pad geloop. Afrikaans is reeds van 1875 af gebruik, maar dit het byna doodgeloop met die Anglo-Boere Oorlog. Ons taal is in 1919 erken as ‘n gebruikstaal deur die kerk en kon ons nou met met Here praat in ‘n taal wat óns verstaan. Afrikaans is een van die jongste tale ter wêreld. Dit is wonderlik om te beleef hoe ons taal ontwikkel en saam met die tye beweeg.

Nuutskeppings is towerwoorde wat ons taal verryk. Verbeel jou nou net hoe die glansgans in haar aandrok op die rooitapyt ‘n toep op haar slimfoon oopmaak en na ‘n bekbrieftjie luister.

Die taal van my hart laat my ook toe om dinge te sê op ‘n manier wat geen ander taal kan nie.

Dink net hoe moeilik dit sou wees om ‘koelteboom’ vir ‘n Ingelsman te verduidelik. Nie net gee dit skaduwee nie, maar is dit ook ‘n lafenis vir die liggaam en siel op ‘n snikhete dag.

‘n Hardekwas is nie net eenvoudig ‘n hardkoppige mens nie, dink ook aan ‘n stuk kwasterige hout wat moeilik is om te saag of te skuur. ‘n Kwas hard van droeë verf is onbuigbaar. Daar is geen salf te smeer aan ‘n hardekwas nie. Probeer dit vertaal!

Streekstaal gee ons ook pragtig beskrywende woorde soos koperkapel en erdman (‘n meerkat in die Noord-Kaap).

Ons Ingelse vrinne moes ook Afrikaanse woorde kom leen, sodat hulle lekker op die stoep kan braai as hulle oor die uitgestrekte veld kyk.

Soos enige jongman is ek gaande oor sport. ‘n Goeie buiteseenter moet kan pypkan om ‘n plettervat te fnuik. Hoeveel gholfspelers het nie al brouhoue in die sukkelveld geslaan nie. Die slagyster was die held van die wedstryd toe hy die kolwer uitvang wat ‘n trekhout gespeel het en hom met ‘n opslagbal misgis het.

My taal is my menswees en ek kan dit nie beter beskryf as met ‘n uittreksel uit ‘n gedig van NP van Wyk Louw nie: “Nog in my laaste woorde sal jy wees, nog in die laaste skeemring van my dink en weet...”